# Lesing 15.06.2018 - DEEL 29 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Oor komende dinge

GJE BOEK 8: HFS182 (**Die Meester**:) "Julle weet dat iemand wat ryk aan aardse goedere geword het, meestal ook **in sy hart tot `n klip van gevoelloosheid en liefdeloosheid geword het**. Wat interesseer hom die baie duisende ander mense, wat deur honger, dors en nog ander boosheid gekwel word, hom nog; want hy is nou eenmaal uitstekend versorg, het nog nooit honger en dors gevoel nie en het `n oorvloed aan skatte om elke genot aan homself te verskaf, sodat hy nooit enige verveling of `n ander ongenoegsaamheid te proe kry nie.

[2] Waar staan so `n mens dan in die innerlike geestelike lewensfeer? Ek sê vir julle: Op die punt van die **ewige oordeel en die dood daarvan**, en sy hele omgewing is nie ver daarvan af nie!

[3] Onthou wat Ek julle bowendien nog verkondig! As daar op aarde eenmaal baie Epikuriste *(om lekker te kan leef)* sal wees, sal daar ook weldra `n **algemene oordeel deur Elohim oor alle mense op hierdie aarde toegelaat word,** en dan sal ons wel sien of daar weer êrens mense sal opstaan, wat met die meetlat in die hand vir hulle medemens durf sê: "Kyk, die groot stuk land het ek afgemeet, ek het die grense daarvan aangegee en verklaar dit tot my volkome onaantasbare eiendom, en wie die brutaliteit het om dit van my te betwis of maar net te sê: "Vriend, elkeen van ons het, as hy maar die mag en die metodes daarvoor het, die reg om jou ingebeelde reg uit jou hande te ruk!", die bestraf ek met die dood!"

[4] Ek sê vir julle: dan sal dergelike mense nooit meer daar wees nie! Want wanneer Ek die volgende keer na hierdie aarde toe sal kom, om oordeel te hou oor sulke dooie epikuriste, maar ook om die loon van die lewe te gee aan die een wat **uit liefde vir Elohim en sy naaste baie ellende en nood geduldig verdra het**, dan sal die aarde met geen enkele meetlat meer opgemeet word tot die voordeel van iemand alleen nie, maar waar mense staan, sal mense ook kan oes en in sy behoeftes kan voorsien; en die mense sal mekaar goed ondersteun, maar niemand sal sê: "Kyk, dit is my eiendom en ek is meester daaroor nie!" Want dan sal die mens insien dat Ek alleen die Meester is, maar dat almal broeders en susters is.

[5] Weliswaar sou dit ook nou so moet wees onder die mense; maar in hierdie middelste ontwikkelingsperiode van die mens, wat nog nie gesuiwer is deur die groot lewensvuur nie, sal dit toegelaat bly, maar **vanaf nou geen volle 2000 jaar meer nie**. Daarna sal die gees by die mens egter sterk die oorhand kry en sal mense op aarde geen afgemete myne en joune meer sien nie, nóg daaroor praat.

[9] Op die oomblik kan hierdie dinge egter nie verander nie, daarom moet julle, rykes en magtiges, **ware vriende wees ten aansien van julle arm broeders en susters** en aan hulle liefde betoon; voed die hongeriges, laaf die dorstiges, klee die naaktes, troos die droewiges en verlos die gevangenes, wat deur julle hebsug, deur julle mag en julle wette onnodig wegkwyn in die kerkers van hulle liggaam, maar nog meer in die kerkers van hulle sielenag! **Gaan bevry hulle, dan sal Ek julle verlos uit die mag van die dood en die oordeel!**

[10] Wees met julle aardse goedere in die vervolg maar net **My saakwaarnemers**, dan sal Ek julle in ruil daarvoor die ewige lewe gee; want Ek het die mag daartoe en kan dit gee aan wie Ek wil! Met dieselfde maat waarmee julle sal meet, sal julle ook weer deur My gemeet word.

Handelinge 4:32 - 35

Vrywillige gemeenskap van goedere by die eerste gelowige JisraEliete. Ananías en Saffira.

32 EN die menigte van die wat gelowig geword het, **was een van hart en siel**, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar **hulle het alles in gemeenskap gehad.**

33 En met groot Krag het die Apostels getuienis gegee van die opstanding van die Meester, JaHWèshua, en groot Barmhartigheid was oor hulle almal.

34 Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het haar verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die Apostels neergelê.

**35 En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het.**